



Franse Sending KORSIKA EILAND UITREIK 20 tot 29 September 2019

Di. Loffie Schoeman en Sanré Benade (Potch. PUK Kandelaar) beplan 'n sendinguitreik saam met Ds **Johan en Rita Bloemhof** in FRANKRYK



“Elkeen moet weet Wie Jesus is”, is die slagspreuk van die handjievool gelowiges en die paar baie klein gemeentetjies in Korsika. Deel van Frankryk. Het jy geweet dat die geestelike nood in Korsika is erger as in **Irak** (Minder gelowiges persentasie gewys).. Reeds die vyfde uitreik en 'n baie groot deel van die bevolking het die Goeie Nuus in hulle posbusse gekry. In September doen ons DV die enigste universiteit stad om leiers en gesinne te bereik



Vra die Here en vertrou Hom of jy moet oorkom om ons te help.

Wat behels die UITREIK?

Gesonde stap – deel Evangelisasie pakkies uit in posbusse, daaglikse Bybelstudies, gemeenskap van gelowiges, waardering van die pragtige eiland en die Franse plattelandse dorpie, 'n Erediens saam met 'n klein gemeente, , lekker saamsing en kuier, 'Pétanque' speel, Franse disse geniet – ons eie Franse kok.

PRYS op aanvraag beskikbaar by die RSA uitreikleier ds Loffie Schoeman

lofstel@discoverymail.co.za Tel 0828758313 of by ds **Sanre Benade** sanrebenade@gmail.com Tel 0182992590. Die prys sluit in kos, verblyf, uitstappies en reis in KORSIKA (Die vliegtuigkaartjie en visumkoste is addisioneel – is NIE ingesluit nie)



Aansoek vorms beskikbaar by ds Loffie Schoeman lofstel@discoverymail.co.za.

Sperdatum vir inskrywings : 31 Mei 2019

'n Bietjie agtergrond: FRANKRYK wat eens deel van die bakermat was van ons geloofserfenis, is vandag 'n uitdagende sendingveld. 'n Bepalende faktor was die uitroeiing van die Protestantse gelowiges deur die vervolging van die Hugenote. Frankryk se groot geestelike verlies was o.a. Suid-Afrika se wins gewees. Feitlik 'n kwart van die Europeërs van die 17e eeu wat na Suid-Afrika gegaan het, was Franse Hugenote vlugteling. Ons kan glo dat dit deel was van God se Raadsplan om die Evangelie na Suid-Afrika te bring - 'n wonderlike geestelike erfenis vir ons as nageslagte, maar net 'n handjievool gelowiges het in ons stamland oorgebly. Uit dankbaarheid teenoor God kan ons 'n verskil maak in baie gesinne se lewens deur die Evangelie vandag deur uitreikaksies in Frankryk te versprei en daarvoor te bid.

Ds Johan en Rita BLOEMHOF ontvang julle met omgee en liefde. Deur God se genade verkondig hulle die Goeie Nuus in Frankryk oor die laaste 36 jaar. Baie welkom.

Kom saam en neem die Evangelie Boodskap weer terug na Frankryk “Soos die Vader

My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Johannes 20.21